

## Die Storie

Eienaardig hoe 'n storie loop. Net so eienaardig soos 'n verveelde mens sy tyd verwyf.

Die werklikheid verloop ook nooit so gestruktureerd en planmatig as die geromantiseerde stories van gewilde, begaafde of verwaande skrywers nie. Hulle vertel maar dieselfde storie oor en oor.

Met my oom Boet se heengaan kry ek toegang tot sy onvoltooide genealogiese navorsing oor die Greyvenstein familie. Ek kry groot planne om die werk beskikbaar vir ander te maak en watter makliker manier as met die Internet. Gou-gou. Of so dink ek. Totdat ek die magdom inligting van nader bekyk en besef dis 'n leeftyd se werk – die res van my leeftyd se werk anyway – om die ding klaar te kry. En klaar sal dit ook nooit kom nie, want die dekselse familie teel vinniger aan as wat mens met beperkte tyd kan byhou.

Ja. Geen Gewilde, Verwaande Skrywer sal die storie van vier vliegtuie wat op een dag gekaap word en in geboue vasvlieg kon choreografeer nie. Self hoop om dit te verkoop nie. Daarvoor moes hy eers CNN kyk, en by gebrek aan tyd was hy daai tyd van die dag in 'n ander deel van sy huis. Maar 'n mal man met 'n baard in 'n grot in die woestyn kon dit doen.

Nou verstaan ek ook hoekom ware genealoë jou verhewe van bo beloer as jy net gou-gou hul domein wil betree vir 'n quick fix. Nee, ek wil mos nie geld maak uit die ding nie, ek jeuk net om dit te doen, op 'n plek wat my eie is. Magtag! Minag. Want familie navorsing is tydrawende werk. Vereis toewyding en deursettingsvermoë. Te veeleisend vir 'n ou met 'n houtbeen of 'n kruk.

Omdat die Vername Skrywer hiërargies dink en wetmatig strepe deur studente se skryfpogings trek sien hy Die Lig op 'n ander manier as ander sterflinge wat planne maak om bomme in kroeë te laat ontplof. Die Skrywer probeer nog die inleiding struktureer met genoeg Australiërs, Amerikaners, Taiwanese om 'n internasionale insident te veroorsaak. O, ja. En 'n paar Suid Afrikaners vir local content, dan word liggame aan reepe geskiet met cheap plofstof. En die Gewilde Skrywer se slot bly maar net te kort vir die lang verhaal van durf en heldedade en heimwee en tragedie wat in werklikheid afspeel.

En sinne moet ook nie so lank wees, sê die letterkundiges. Nie soos Time-doodstydings nie. Al maak Time miljoene op die manier. En spelling soos per woordeboek al spel die hele bliksemse Amerika anders as standaard Engels.

Ons begin gewoonlik ons stamboom soek daar by Die Begin van Tyd toe 'n oer-oupa in 'n hout skippie die tog van Nederland na *de Kaap* wonderbaarlik oorleef het. As jy verder negatief in tyd wil teruggaan om jou bloedlyn te soek, is jy regtig, égtig 'n serious navorser genealoog met 'n vet bank rekening en 'n geduldige expense account. Om oorsee te kuier kos geld. Nie rande en sente nie.

So kom ek agter dat toe Oer-Oupa Johann Jacob Greyvenstein in die Kaap aankom op *Kronenburg* was dit die jaar 1759. Hy was 'n timmerman uit Klein-Umstadt in die hedendaagse Duitsland maar word soldaat vir die V.O.K. om Kaap toe te kom. Hy kom alleen hier aan, sonder vrou, en op die jeugdige ouderdom van 33 jaar is geen man 'n klip nie. En die waterfront van ouds bied bitter min opsies. En tussen werktyd en slaptyd kan daar baie tyd wees om verveeld en vryerig te wees as jy nie hou van dronk mense se geselskap.

Oer-Oupa stap maar saans op die strand, kyk na die vreemde sterre en verlang na sy vaderland. Sauerkraut en eisbein. As die Suidooster hom nie wegwaai en die leeus se brul nie te naby is, stap hy ver die eensaamheid in. Loop hy dáár vir Sophia raak? Sy vlug dalk van die beknoptheid van die bedompige slawekwartier. Onwettig maar die risiko werd. Om uitgesluit te wees is soms veiliger as binne. Waar jy vasgekeer kan word in die donker in 'n hoek terwyl ander hulle ore toedruk onder die kombes.

Selfs vir ware genealoë is daar maar min stof om te bepaal of Oer-oupa vir Sophia in Lus of in Liefde ontmoet het. Wat hul vir mekaar te sê gehad het. Was daar 'n romantiese volmaan oor die baai? Was hy 'n bok of 'n versigtige vryer? En Sophia? Het sy die nag ingesluip op soek na 'n beter toekoms? Of 'n ekstra geldjie vir 'n hand job. Of het sy gevlug van die sweterige lywe en grypende hande in die losie. Gevlug na die strand waar sy in stilte kon verlang na die terugkeer van die vader van haar kind wat reeds in haar binneste woel. Maar gaan die blonde Hollandse skeepskaptein haar ooit haar weer aanraak, haar bestaan erken, haar in die oë kyk, Sy kind 'n naam gee? Gaan hy ooit weer terugkeer van die lang en gevaarlike tog na Goa? Bring hy 'n geskenk of bring hy die Lewe vir haar? Of vergaan hy ook aan boord van sy skip soos baie ander dienswillige amptenare van die Kompanjie in kolkende skuimende water van die Indiese oseaan. Slegs seemeeue skreiend getuie van die gebeurtenis.

Waar de hel is Goa? My skool geskiedenis kennis voel soos 'n haasbek kind. Nogtans het ek posseëls versamel op my tyd en weet ek waar die meeste lande, stede, riviere en mere van die wêreld is. So min of meer. Goa lui 'n klokkie, maar die klokkie klink na Genoa. En wat het die Italiane nou hiermee te maak?

Ek graaf rond en soek in die indekse van 'n paar ou boeke. Wauw! Daar trap ek voet eerste in die geskiedenis van die Portugese heerskappy oor die Indiese Oseaan. Vol kak en derms. Die Portugese het die hele gebied in die vroeë 16de eeu met donderbusse en lanse, kruisboog en swaard verower, verniel, gebrand en vir Koning, God en Land regeer. Die ganse Indiese oseaan vanaf Sofala aan die Afrika kus tot by Malakka in die straat van Sumatra. Goa, aan die Indiese weskus was soos 'n administratiewe en godsdienstige hoofkwartier ingerig. Kompleet met fort, kapel en kroeg. Die mure van die fort stewig en sterk met die gerieflike boublokke uit die Mohammedane se kerkhof. Dit alles belangrik om die speseryhandel uit die hande van die Turke te woel.

Aldus Theal se *History of South Africa – before 1795*. Dit is nou die George McCall Theal, behalwe 'n string titels ook *Formerly Keeper of the Archives of the Cape Colony, Etc., Etc., Etc.* was. In 1907. Wil jy glo. ens. ens. ens. Watter skrywer! Nie eers 'n Vername Skrywer sal dit waag om na 'n lys van sy voortreflikhede "Ens, Ens, Ens." te skryf nie. Maar hy praat met gesag, asof hy self daar was. En hy was amper.

Nou vergeet ek eers van JJ, hy is in elk geval nog soldaat in diens van die Kompanjie. As soldaat pas soms die deure van die slawelosie op. Hy is nog besig om sy kontrak van drie jaar af te werk want hy wil messel en huise bou vir die Kaap. Vryburger messelaar Greyvenstein kontrakteur, wil hy word. Intussen hou hy haar dop as sy met haar blink lyf wasgoed was. En sy vir hom, want sy voel die blik op haar begeerte en verstaan die taal van sulke oë. Maar sy wag steeds dat haar Blonde Skeepskaptein sal terugkom van Madagaskar met die vrag kaal, grootoog slawe. Sodat sy hom die blye tyding kan bring. In haar verbeelding die uitgesoekte plekkie waar sy hom dit sal vertel. Sy oefen haar woorde soos 'n aktrise vir beste effek.

Maar sy het *backup*, geen swanger vrou dink nie aan *backup* as die twyfel en onsekerheid begin knaag. As daar stories begin loop dan begin die stories te loop. Haar Kaptein kom nie weer terug nie. Vermis? Die *Hector* het vergaan. Haar blink vel vertoon so gesond soos sy swel om die middel.

Dit is dan die storie van liefde aan die Kaap. Die oude mense van gesag wat na die Kaap gestuur is vir werk het almal hulle gesinne saamgebring. Wat hulle met hulle vry tyd gemaak het, was hulle saak, maar nogtans was hul aangewese om binne die riglyne van hul kerk en kultuur die nou paadjie te loop. Die Franse Hugenote het Kaap toe gevlug en hulle gesinne ook saamgebring. Hulle het saam gekoek aan de Paarl en Franschoek en wyn gemaak en algemeen gedoen wat Franse onder mekaar doen.

Maar die Kompanjie se kontrakwerkers was meestal van ander Europese lande soos die warboel Duitse deelstate en Denemarke wat tóé nog Noorweë aan die anderkant van die Skagerrak ingesluit het. Hulle was ongetroude, jong manne van bloed en durf wat hul sweet aan die Kaap kon verkoop en na drie jaar weer huis toe gaan. Maar wat. Hierdie belofde land het binne drie jaar baie Europeërs se hart gesteel – of dit nou die sonnige weer of die

local beauties was, sal ons nie kan sê nie, maar baie het gebly en vir hulle was daar selde ander trou materiaal and locals. Slavinne of kinders van slavinne wat vrygekoop of dalk van die plaaslike inheemse meisies. Maar dit sou nie so algemeen wees nie, want die inheemse volke het ook hulle familiestrukture en gebruike gehad om mense op die regte pad te hou.

Dit was eerder die ontheemde slavinne en hulle vroulike kinders wat die teelaarde van die uitgehongerde Westerse mans geword het. Twee partye wat natuurlik na mekaar kon migreer sonder inmenging van buite.

Sophia van die Kaap was 'n slavin wat in die Kaap gebore was. Sy is vrygekoop op aandrang van Jan Willem Hurter wie 'n sterk, gesonde 24-jarige slaaf, September van Malabar, in ruil gegee het. Hoekom hy dit gedoen het, weet ons nie, maar Sophia is in dieselfde jaar vrygekoop as wat JJ se kontrak verstryk het en hy vryburger geword het. 1762.

Okey, ons kan allerlei afleidings maak dat JJ en Sophia een aand by die kaai ontmoet het en stil verlief mekaar vasgehou en wieg het terwyl die volmaan Robbeneiland blink verlig oor die baai. Terwyl hul oë blink in die maanlig, kon hulle planne maak as hy vry van sy verpligtinge kom. Dat hy vir vriend Jannie Hurter sal betaal het om as volle burger (hyself kon dit nie doen nie) Sophia vir hom loskoop. Dan kan hulle happily thereafter lewe in die land van melk en heuning totdat hulle eendag skielik sal moet besluit wie se kinder wie s'n is. Wie se hare is te kroes en se naels te blou is. Wie die wet mag oortree en wie nie.

Maar die tarot kaarte was nog nie in 1760 in algemene gebruik nie en sigeuners nog verban uit die Kaap en min mense kon sterrewiggelaars min verstaan van die Suidelike uitspansel se sterreprag. Niemand wou hulle glo nie. Die Groot Skrywer van *sci-fi* moes nog gebore word.

Hoe kon hulle weet dat eendag 'n snobistiese neus weggedraai sal word van hierdie "kennis van die aand". Dat baas en miesies nie eers dit wil hoor nie, dit sal ontken soos 'n poep in geselskap of 'n snak in die nag. Wegwens en die geskiedenis boeke sal aanpas om die embarrasseerende "skande" te verdoesel. My bloed is suiwer, wat defok dit ook al beteken. Selfs as baas nie werklik oortuig van sy saak is nie, moet hy steeds gereed pie om sy bloed gangbaar te hou.

Shut-up, Ma. Dit is geen skande nie. Dink mooi, waar sou jy met jou gesofistikeerde lewe en intelligente neusbrug vandag wees as dit nie vir Sophia van die Kaap was nie. As Sophia nie daar was om daardie een enkele spermpie wat jou nageslag se naam dra, op te raap in haar binneste eerder as wat dit op die sand by die strand nutteloos verdroog. Ma, jy sou nie 'n lewe gehad het nie, verstaan jy. Bewonder hierdie vrou vir wat sy vir jou beteken het. Ietsie van haar is in jou. Ietsie baie, nogal, want jou mitochondriese DNS kom van haar. In elke sel van jou liggaam. Case closed.

Maar terug by 1760. Die storie is weereens nie so eenvoudig nie. Sophia het 'n voorkind in 1765 wat sy Geertruida Barbara Kluysman noem. Nou hoe verklaar jy dit? Ons hele romantiese verhaal van 'n Oer-oupa wat vir Sophia verlos vir eie geplesier is nietig. Hy het haar dalk in die slawelosie gesien. Was dalk heimlik bekoor deur haar skugter oë en aanteklike lyf. Maar sy was ook beloer deur ander en dit was eerder die Heer Kluysman wat genoeg geld gehad het om haar te laat loskoop vir hom. Maar is dit waar? Die storie wil net nie uit nie.

Sophia se ma was moontlik Truy van Rio de la Goa en haar pa Andreas Kluysman skipper op die Kompanjie se roete tussen Kaap en Goa in Indië. Hy is in 1759 in Goa dood. Het hy dalk met sy laaste asem van berou relings getref dat geld in die Kaap bewillig word vir haar vrykoop? Of dalk was dit geld uit sy boedel wat haar bevry het. Of het sy 'n verbintenis met Kluysman gehad, want in haar latere lewe noem sy haarself Sophia Kluysman

Die vader van Geertruida Barbara Kluysman wat sy in 1765 die lewe aan skenk kon enigiemand wees, maar sy het dit goed gedink om haar ma (Truy) en pa (Kluysman) te vereer. Miskien. Maar wat ons weet is dat halfnaatjie Geertruida Barbara Kluysman die stammoeder van die Spammers in Suid-Afrika word.

Eers in 30 Julie 1769 trou Johann Jacob Greyvenstein (burger) met Sophia van die Kaap (vrygekoopte slavin) en word dit so in skrif bevestig. Hy was lief vir haar en neem die vierjarige Geertuida aan as sy kind en sy erf saam met sy ander kinders. Van die liefde in die maanlig weet ons niks. Die storie ken ons nie. Maar ons weet wel dat hulle net een seun, Johann Jacob, het wat soos die ander Jacob voorgaan en vermeerder om sy naam aan al die Greyvensteins in die land te gee.

Ja, JJ was lief vir sy gesin, maar dit het hom nie verhoed om 'n dogter by Johanna Regina Roelen in Oktober 1777 te hê nie. Wat Sophia se mening was weet ons nie, maar 'n maand later kraam sy weer. Nog 'n dogter.

Nie vergeet dat 'n groot deel van die samelewing vir 'n groot deel van hul lewe, heel tevrede is met die heel basiese dinge. Vrou en kinnere. Werk. En 'n dak oor alles. Die vyf punte van die standaard mens se ster: Vrou, seks, drank, kos en kinders. Elkeen na sy behoefte. Om te lewe moet ons asemhaal. As ons kan asemhaal, moet ons water drink. As ons dors geles is, moet ons eet. Dan veg ons aan die lewe om 'n maat te soek en 'n nageslag te hê.

En 'n bruin-gesig swart profeet sien van agter donker glase meer as 'n koor oë uit die ruim. Sy ma uit die Oos-Kaap het 'n klein DNS wonder gebaar. Hy kyk die toekoms in en werk aan 'n ander storie wat nog moet kom. Hy werk aan sy *sci-fi* riller van die dag toe die eiland soos 'n pitsweer bars en 'n Verlosser op die strand uitspoeg en dan op 'n vreemde blink koets wat self sonder perde deur die strate loop. Dit skitter soos spieëls of pèrels met twee lanterns vir oë voor. En die skare gil "wie-waa" as die verlosser sy arms omhoog hou en sy wyfie ook die kloof-teken doen en hom skelm sy hand druk.

Die waarsêers werk ook aan so 'n storie. Die man wat kalk klippe brand op die eiland kom om almal dieselfde kleur te verf. Die base met die pere en hul vroue met die vere lag vir die storie van die waarsêers maar die klaase en hul konyne wil werklik glo dat 'n bruin-swart man met 'n wit kwas almal swart-wit kan maak en elkeen 'n bottel arak vir die *party* in die hand stop anders maak hulle mekaar dood van al die vryheid. Die bruin-gesig swart profeet se *sci-fi* storie verkoop nog nie. Daar moet nog eers bloed loop oor die land. Hy voel vreemde swart rook sy oë brand, petrol en rubber, en hoor 'n meisie klaaglik snik, omhels deur 'n brandende kran. Daar sal eers jare van smart wees.

Om 'n roman te skryf is soos om koek te bak, sê iemand. Jy moet net die resep hê. Begin met 'n skoon bak en voeg net die regte bestanddele in die regte hoeveelheid bymekaar en jy het jou koek. Enigeeen met tyd op hande kan 'n koek bak, baie kan self 'n lekker koek bak en 'n prys wen, maar dit sit nie in almal se broek om 'n goeie koek te bak nie. 'n Koek fyn van tekstuur, delikaat op die tong, regte suurbalans, geen bitter nasmaak van karbonate of sulfate of galsterige ou vet nie.

Nee: 'n lekker koek is nie noodwendig 'n goeie koek nie. Kyk nou weer:

Neef vertel Tant Baby het so 'n lekker koek (resep) gehad. Sy tannie het grade in die wetenskap en opvoedkunde gehad maar was bibliotekaresse op die klein dorpie. Met haar resep het sy op sekere soel dae die uitverkorenes hul lippe laat aflek as hulle na skool moes kom help afstof in die biblioteek. Want na 'n rukkie op die halfmas leer wou sy eers self vir die mannetjie wys waar om te stof. Hy klim af en sy klim op en sê, kyk nou mooi en stof hier en stof daar agter ook en hiert, kyk hoe sit dit daar, want jissis, sy't dan nie eers 'n bloomer aan nie.

En dan staar sy hom aan met so 'n vreemde lig in haar oë, stip daar op sy warm plek. Maar die mannetjie is nog te dom en giggel net en ril.

Ja, dit was voorwaar 'n lekker koekresep.

En dit is waarheen hierdie storie loop. Of ons nou ryk of arm, hooggeleerd, gesofistikeerd, slaaf, soldaat of verlosser is. Soms vreemde, guitige giere kry. Op 'n blink koets ry of uit 'n

puisie op 'n eiland kom. Of ons die wêreld kan verander of in die geskiedenis vergaan het.  
Wanneer die dag reg is, wil die wyfie haar klofie wys en die mannetjie sy stokkie swaai.

Dit is hoe die storie van die lewe loop. Geen skrywer kon dit uitdink nie, net oor en oor vertel.

oOo